'n Goeie jaar vir rose.indd 1 22/08/2019 08:02:34

Ook deur Santie van der Merwe

Gelyke kans
Vandat jy weg is
Anderkant vergeet
Ver in die wêreld Kittie
Die einde van die storie
Al wat oorbly

'n Goeie jaar vir rose.indd 2 22/08/2019 08:02:34

'n Goeie jaar vir rose

Santie van der Merwe

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

'n Goeie jaar vir rose.indd 3 22/08/2019 08:02:34

Opgedra aan Heidi en Hardus

© Teks: Santie van der Merwe 2019
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 14.9 pt Leawood
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Jeanette Ferreira
Omslagontwerp: LAPA Uitgewers
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9651-5 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9652-2 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9653-9 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Now
something so sad
has hold of us
that the breath
leaves
and we can't even cry.

– Charles Bukowski

'n Goeie jaar vir rose.indd 5 22/08/2019 08:02:34

Een

Doodsengel
Karel

"Lea. Waar is my swart pak?" Karel blaai deur die klere in sy kas. Die donkergroen pak wat hy gedra het toe die kinders gedoop is, is daar. Dis al vyftig jaar oud. Dié sal hy nie meer aankry nie. Ook die gryse, die een wat hy gedra het toe Neil getroud is, en toe Michael gedoop is. Voor die pakke hang sy hemde. Dié met lang moue agter en dié met kort moue voor. Almal netjies gestryk. Die langmouwitte ook. Hy haal dit uit en hang dit teen die kas. Net sy swart pak, sy swart pak wat ten spyte daarvan dat dit 'n simbool is van erns, van rou, nie eens kan begin om te sê hoe hy in sy binneste voel nie. Dit kon nie toe, toe hulle dit aangeskaf het nie, en dit kan nie nou nie. Maar hy moet dit dra. Hy wil dit dra. Waar is dit?

Hy maak Lea se kas oop. "Lea, jy het my lelik in die steek gelaat. Jou rok is in jou kas. Ek sien jy het dit ge-

was en gestryk. Dit ruik na StaSoft. Ek weet dis hierdie een, want ek was saam met jou toe jy dit gekoop het. Toe jy dit gekoop het vir … Jy weet wanneer. Twee drenkelinge was ons. Te bang om aan mekaar vas te hou. Bang dat die een die ander die diepte in sal trek."

Hy maak haar kas toe, gaan terug na syne. "En nou? Ek gaan nie weer 'n donker pak nodig kry nie. Sekerlik nie. Ek gaan nie, wil nie 'n nuwe moet koop nie. Wáár is myne?"

"Oom Karel?" Dis die meisiekind wat in die deur staan. "Met wie praat Oom?"

Karel haal sy skouers op, skeur sy blik los van die foto op Lea se spieëlkas. "Ek wonder maar net waar my swart pak kan wees. Dis nie in my kas nie."

"Tannie Lea …" Die kind se woorde raak weg. Sy sluk.

Karel kyk na haar. Na die groot grys oë in die smal gesiggie, die swart hare met die vreemde blou streep. Wat moet nou van haar word?

"Tannie Lea het dit droogskoonmakers toe gevat. Sy het gesê Oom wil …" Sy byt aan 'n nael.

"… daarin begrawe word?" voltooi Karel haar sin.

"Ja."

"Wel, dan sal ons dit moet gaan optel. Weet jy waar sy die kwitansie gesit het?

"Dis teen die yskas. Oom?"

"Ja?"

"Wat nou van … Wat van my? Ek kan nie terug huis toe nie."

Karel frons. Hy wil nie nou aan sulke goed dink nie. Wat gaan hy met die kind doen? Wat gaan van haar word? En van hom? Onder sy skedel groei die dood, die tentakels wriemel oral in. Niemand weet wat die gevolge

gaan wees nie. Wie gaan nou vir hom sorg? Lea, Lea, hoe kon jy? Hy skud sy kop vir die kind, en sy swenk van die deur af weg soos 'n gewonde bokkie.

Hy gaan swaar op die bed sit. Dis nie dat hy sleg voel nie. Nie fisiek nie. Maar sy hart breek oor en oor en oor. Hy is vertroud met die gevoel. Dis nie asof Lea die eerste persoon is wat hy aan die dood moes afstaan nie. Dis net, voorheen was sy daar. Sy kon saam met hom snags wakker lê, soms sy hand in die donker vat. Sy het die verlies verstaan, gedeel. Nou is sy die verlies, en hy voel asof die helfte, nee meer, meer as dit, van hom weggeneem is. Asof sy beter deel weg is. Wat maak hy nou met sy ellende?

Neil. Hoe op dees aarde gaan hy sy seun in die hande kry? Die kind antwoord nie sy foon nie. Sommige van die veeposte is blykbaar so ver weg van die beskawing af dat daar nie sein is nie. Hy het die Australiese nommer in die boekie ook probeer. 'n Landlyn. Dit lui en lui net deur 'n onbekende huis op 'n onbekende plaas in 'n onbekende land. En wanneer hy vir Neil kry, hoe gaan hy die nuus oordra? Is die arme kind nie deur genoeg nie? Moes hy nou sy ma verloor? Hoeveel smart kan een hart dra? Hoeveel keer kan dit breek voordat dit nooit weer heel kan word nie?

Met bewende hande maak hy sy bedkassielaai oop, asof die antwoord daarin te vinde is. Dit is, en dit is nog daar. In die vorm van die botteltjies en boksies pille wat hy die afgelope twee maande opgaar. Dit sal al genoeg wees om hom van hierdie hel op aarde te verlos. Maar nou is Lea weg en sy moes hom gehelp het. Die sak oor sy kop trek sodat hy vinniger kon gaan. Vir so 'n verskriklike ding is daar toe instruksies te kry op die inter-

net. Nou is hy op sy eie. En as hy nou gaan, wat dan van Neil? Hoe kan hy dit aan sy seun doen noudat hy alleen op hierdie aarde oor is? Hy skuif die pille tot agter in die laai en stoot dit toe.

Wie gaan keer dat Neil onder die tragedie disintegreer? Karel trek sy asem diep in, laat dit dan stadig weer gaan. Twee, drie keer. Sy longe werk nog, sy hart klop nog verstommend sterk in sy borskas. Sy niere werk nog. Hy verteer nog sy kos. Sy organe het nie die doodskennisgewing gekry nie. Hy is nog hier.

Wie gaan daar wees vir Neil? Wie kan daar nog wees? Hy trek sy skouers reguit. Sy pa. Neil se pa sal keer dat hy ten gronde gaan. Hy wat Karel is, sal daar wees om sy kind te ondersteun.

Hulle moet dit gaan haal, sy swart pak. Hy en die meisiekind. Hy mag nie meer bestuur nie, nie met 'n tydbom onder sy skedel nie, maar sy het seker al haar leerlinglisensie. Hoe oud is sy? Hoe oud is sy suster, Hester, se kleinkind wat soos 'n stuk dryfhout hier by hom en Lea uitgespoel het?

Hy staan op, tel Lea se foto op. "Hoe verder?" vra hy haar. "Hoe vorentoe?"

Die kind verskyn weer in die deur. "Oom? Oom, Neil kom!" Sy druk Lea se foon voor sy neus.

Hy trek sy oë op skrefies, maar kan steeds nie sien nie, nie sonder sy leesbril nie.

"Wat sê dit?" wil hy by die kind weet.

"Dit sê daar is fout met sy foon, hy het een geleen om die boodskap te stuur, maar ons moenie bekommer nie, hy is op die lughawe en hy land Woensdagoggend."

Karel gaan sit op die bed. Nou kan hulle die reëlings finaliseer. Wat moet hulle nog alles doen? Sy swart pak.

Hy en die kind moet die swart pak by die droogskoonmaker gaan haal. En as sy nie kan ry nie, sal hy Jesaja bel. Sy vriend, kollega, vennoot, broer. Jesaja wat sy hele lewe lank al daar is vir hom.

Die voordeurklokkie lui. Hy gaan nie oopmaak nie. Die simpatie. Die sorgsaamheid. Die jammerte van bekendes en wildvreemdes is te veel.

Die kind kyk onseker na hom. Hy skud sy kop. Sy kom sit langs hom op die bed. 'n Ou man en 'n jong meisiekind.

Die klokkie lui weer en weer. Het die persoon dan nie respek nie? Die huis is in rou gedompel. Kan hulle hom nie kans gee om tot verhaal te kom nie?

Die kind spring op. "Ek sal sê hulle moet weggaan," sê sy beslis. "Ek sal sê Oom rus."

Gedempte stemme, voetstappe in die gang af. Hoekom? Hoekom in de hel sal sy iemand hiernatoe bring? Dis sy heilige spasie. Dis sy en Lea se kamer. Dis nie vir vreemdelinge se oë nie. Nie die groen deken oor die bed of die toegetrekte blomgordyne nie. Nie Lea se spieëlkas met die foto's op nie. Nie die bedkassie met hulle leeslampe en boeke nie. Hy oorweeg dit om die deur toe te maak en die sleutel in die slot te draai, maar hy is te stadig. Die Filistyne is op hom. Die meisiekind en 'n vrou. Hy wil die gebreide blokkieskombers op die bed se voetenent oor sy kop gooi, soos Neil gemaak het toe hy klein was as hy wou wegkruip, maar hy bly staan en laat die vrou haar arms om hom slaan. Millie. Lea se boesemvriendin se dogter.

"Oom Karel, ek is so jammer." Haar stem breek onder die emosie. "Ek kan dit nie glo nie. Sommer net so! Ai, my oom."

Sy was die laaste jare vir hulle soos 'n kind, veral sedert haar ma, Annie, oorlede is en nog meer vandat Neil weg is. Altyd maar ingedraf om te kom gesels, saam met Lea in die kombuis verdwyn om tee te maak, of iets te ete. Veral die laaste weke vandat hulle tyding gekry het. Sy het hulle aangery vir doktersafsprake, saam met hulle ingekom op Lea se aandrang. Vir ingeval hulle iets nie verstaan nie. Vir ingeval hulle nie mooi hoor nie. Vir ingeval die dokters hulle in besluite probeer inboelie. Hy het haar gewoond geraak, aan Millie.

Hy gaan sit op die bed, skielik so bewoë dat hy nie kan praat nie. Sy kom sit langs hom, haar arm om hom.

"Kan ek tee maak?" vra die meisiekind.

"Asseblief, Charlie," antwoord Millie.

"Hoekom het Oom nie gister al gebel nie, dan het ek dadelik gekom?" wil Millie weet.

Hy skud sy kop.

Sy laat sak haar wang teen sy skouer. "Ag, Oom. Tannie Lea, van alle mense. Wat gaan van ons word sonder haar?"

Sy vra wat hy nog heeltyd wonder, en nou kan hy nie die trane keer nie. Hy is nie 'n sawwe man nie. Mense wat hom ken, sal sê hy is 'n korrelkop, 'n harde klip. Hy is, hy is. Maar hierdie ding is te veel.

Millie trek 'n bondel snesies uit die boks op die spieëlkas. Sy druk 'n paar in sy hand en blaas haar neus. "Toe maar, Oom. Ek is hier, en ek bly solank dit nodig is. Ek en Charlie sal na Oom kyk totdat Neil kom. Langer, as dit nodig is." Sy kyk vraend na hom. "Oom hét vir Neil laat weet?"

Hy skud sy kop. "Nee, ek weet nie wie het nie, maar

iemand het. Maar hy is op pad …" Sy verraderlike stem wankel.

"Ons het aanhoudend van gister af probeer," antwoord die meisiekind terwyl sy die skinkbord op sy bedkassie neersit. "Sy Suid-Afrika-nommer het heeltyd gesê hy is nie available nie, en sy ander foon het direk oorgegaan op voicemail. Ons het gedink hy is miskien weer op een van daardie cattle drives. Wie weet of hulle ontvangs het in die outback. En die Australiese landlynnommer lui net. Oom Karel het probeer, en ek. Tannie Lea sukkel …" Sy sluk. "Tannie Lea het altyd gesukkel om hom in die hande te kry. Maar ek het boodskappe gelos dat hy moet bel. Ek weet nie eens hoeveel nie."

Millie se kop ruk op.

"Toe maar," paai Charlie. "Ek het nie gesê sy ma is … Ek het nie gesê tannie Lea is dood nie. Ek was bang hy val van 'n perd af as hy na so 'n boodskap luister. Nee, ek het net gesê ek is Charlie, en hy moet onmiddellik bel as hy die boodskap kry. Maar iemand moes met hom gepraat het, want hy kom."

Charlie gooi twee lepels suiker in Karel se tee, roer dit en gee dit vir hom aan. Hy vat dit maar, al is hy vir niks lus nie. Dis darem iets om sy hande besig te hou. As hy tee drink, hoef hy nie te praat nie.

Millie neem 'n paar slukkies van haar tee. "So, wat is daar wat ons moet doen?"

Charlie gaan sit op die spieëlkasstoeltjie. "Die begrafnisondernemer en die dominee doen alles. Dokter Maryna was gister hier. Ons het haar gebel, en sy het dadelik gekom. Maar sy was te laat. Sy sê dit was 'n massiewe hartaanval, en daar was niks wat enigiemand kon doen nie. Sy het Dominee gebel, en alles." Die kind praat al

hoe vinniger. "Sy wou my en oom Karel nie alleen los nie, het gevra of ons my ma kan bel, maar ek wou nie, nie my ma nie, netnou … Toe slaap sy gisteraand hier. Ons het nie aan Tannie gedink nie. Ek weet nie hoekom nie." Sy klink na aan trane. "En my ouma het nie 'n kar nie."

Millie leun vorentoe, vat Charlie se hand. "Dis oukei, Charlie. Julle was geskok. En jy het my vanoggend gebel. Kom ek en jy laat oom Karel 'n bietjie rus. Het julle al ietsie geëet vanoggend?"

Die kind knik. "Dokter Maryna het vir ons oats gemaak, gesê ons móét eet. Oom Karel moet pille drink en alles."

"Nou kom ons gaan sit by die kombuistafel en maak 'n lysie van alles wat ons nog moet doen. Jy was baie dapper, maar ek is nou hier om te help, oukei?"

"Ons moet oom Karel se pak by die droogskoonmakers gaan haal," sê sy met 'n klein stemmetjie en vee met die rugkant van haar hand oor haar nat wange.

"Dan sit ons dit heel bo aan die lysie. Oom, lê 'n bietjie."

In Karel ontspan iets. Millie is 'n raakvatter. Millie met haar sagte oë en sagte hande. Millie, hulle instaankind.

Hy gaan gehoorsaam lê.

Millie trek die kombers oor hom. Die kombers ruik na Lea. En dis haar handewerk. Op 'n manier is sy hier. Hy verbeel hom dis sy wat hom saggies omhels en maak sy oë toe. Laas nag het hy wakker gelê. Miskien kan hy nou slaap. Totdat Neil kom, is alles uit sy hande.

Twee

Dooiemansdeur
Neil

Neil vind dit vreemd. Die deur is net snags toe. Sy ouers hou die veiligheidshek gesluit, ja, maar die deur staan oop vandat sy ma soggens oggendkoffie maak totdat sy saans gaan slaap. Winter en somer. Het hy al ooit langer as 'n paar sekondes op hierdie leiklipstoep bly staan? Het hy al ooit nodig gehad om teen die metaalreling te leun en te wag dat iemand vir hom oopmaak? Sy ma het 'n sesde sintuig wat aandui wanneer hy tuis kom, al parkeer hy voor in die straat, al is sy agter by haar rose. Sy weet voordat hy 'n hand kan lig om die klokkie te lui.

Hy lui dit weer. Hy het tog laat weet hy kom. Het sy dalk die boodskap ignoreer omdat dit van 'n vreemde nommer af was? Maar hy het verduidelik. Hy is haastig van die plaas af weg. Sy ma het so verskriklik bekommerd geklink oor sy pa. En toe is sy foon dood. Mors-

dood. Die Australiese foon het hy op die plaas gelos. Hy het dit immers by Tiaan gekry, en die volgende paar hande sal dit nodig hê. Hy het nie laat weet sy vlug van Doebai af is vertraag nie. Sy arme ma. Is seker al gek van bekommernis. Hy is ook nou bekommerd. Is sy pa weer in die hospitaal? Is sy pa …? Een ding weet hy seker ná sy twee jaar in Australië. As iemand sê jy kan nie van jou probleme af weghardloop nie, is hulle verkeerd. Hy het. Wat hy nou wel besef, is dat jy nie kan bly hardloop nie. Een of ander tyd dwing iets jou terug, dan moet jy weet dit wag maar daar. Geduldig. Wreed geduldig.

Met 'n koue vuis om sy hart geklem stap hy om, deur die groentetuintjie agter die garage. Daar gaan nie veel aan nie. Dis seker nog te vroeg in die seisoen en hy weet buitendien nie hoeveel sorg sy pa nou nodig het nie. Die agterdeur is toe. En sy ma se roosbome staan kalerig, swyend in die laatoggendson. Die middel van die roosbedding is leeg. Het die bome gevrek? Nee, langs die buitekamer staan potte vol roosbome in gelid. Is dit nuwes? Hulle lyk groot. Hoekom sal sy ma dit in potte plant? Reg rondom die huis stap hy. Al die gordyne is toegetrek. Vreemd. Voordat sy ma soggens enigiets doen, voordat sy die ketel aanskakel, trek sy gordyne oop, maak sy al die vensters wat deur die nag toe was oop.

Die bure se tuinier gewaar hom en kom aangestap na die heining toe.

"Weet jy dalk waar is die mense?" wil Neil bekommerd weet.

Die man knik. "Hulle is almal hier weg, nie lank terug nie. Die vrou het gevra ek moet uitkyk vir Meneer. Hulle is AVBOB toe. Meneer sal hulle daar kry."

Neil voel naar. Hy is te laat. Te laat. Hy kon nie sy pa

groet nie. En sy ma was alleen. Hy gooi sy sak terug in die gehuurde motor en ry na die begrafnisondernemer toe.

Daar staan net een kar in die parkeerarea. Dis nie sy ma se Corolla of sy pa se bakkie nie. Miskien het iemand anders sy ma gebring. Miskien is daar iemand wat haar bystaan. Sy is gelief. Natuurlik sal daar iemand wees. Hy haal 'n paar keer diep asem. Hy moet kalmeer. Sy ma het hom nodig. Nou is daar 'n sprankie hoop. Soos 'n yl wolkie in witgebrande lug. Miskien het hy verkeerde gevolgtrekkings gemaak. Miskien is hulle net besig om solank reëlings te tref. Sy pa sal aandring, soos Neil hom ken. Hy is 'n beheervraat. Neil sal nie verbaas wees as sy pa sy kis uittoets nie. Hy sal self wil besluit hoe hy afgesien wil word. Miskien is hy tog nie te laat nie. Miskien is daar nog tyd. Miskien is daar genade. Miskien kan hy hierdie keer afskeid neem. Of sin in sy pa se kop praat. Hom oortuig om tog te gaan vir behandeling.

By ontvangs stel hy hom versigtig optimisties voor. "Ek is Neil Viljee."

Hy kan dit in haar oë sien. Simpatie. Jammerte. Hy is te laat. "Hulle wag vir u."

Sy stap vooruit. "Meneer Viljee? U seun is hier."

Wat? Nee. Dis mos verkeerd. Sy pa kan nie … Wanhoop maak plek vir blydskap. Die meisie werk hier. Sy word geleer om somber te lyk. Neil het haar verkeerd gelees. Sy pa leef nog.

"Pa?"

Sy pa kom hom tegemoet, onvas op sy voete. "Neil, jy is hier. Jy is betyds. Toe jy nie uitkom nie … Hulle wil haar wegneem krematorium toe, ons kon nie langer wag om te kom nie. Seun, jy is hier."

Is sy pa al so ver heen? Yl hy? Neil verstaan nie 'n woord wat hy sê nie.

"Ons vlug was vertraag," sê hy maar.

Trane stroom oor sy pa se wange. Die blydskap maak plek vir verwarring. Wat de fok gaan aan? Maak die gewas op sy pa se brein hom deurmekaar? Sy ma het gesê hulle weet nie wat om te verwag nie. Hoekom huil sy pa? Sy pa huil nooit. Nie eens toe Michael … Die gewas kan blykbaar sy emosies beïnvloed, dit het hy self gelees. Ja, dis nooit anders nie. Hy soek deur die vertrek na sy ma, maar dis net 'n meisiekind en 'n vrou. Wie?

"Pa, waar is Ma?"

"Hier." Sy pa se stem is skor. "Hulle gaan haar nou-nou wegvat."

Wat de hel? Hy verstaan nie. Sy kop draai van moegheid, van emosies wat wipplank ry. Hy kan nie kop of stert uitmaak wat hier aangaan nie. Hy is in 'n groter gemors as wat hy gedink het.

"Pa?"

Sy pa se skouers ruk. Die vrou tree vorentoe. Nou herken hy haar eers. Millie. Of liewer, die helfte van Millie. Wanneer het sy so gekrimp? Sy was altyd 'n groot vrou.

"Millie, waar is my ma?"

Sy vat sy hand, lei hom na die kis wat oop voor in die vertrek staan. Hy kyk verward om na sy pa. Na die kind met die blou streep in haar hare. Nou kan hy haar plaas. Charlie. Sy niggie se dogter. Sy het grootgeword, dink hy asof dit nou in hierdie absurde situasie saak maak.

Charlie storm vorentoe. "Neil. Ek het jou dadelik gebel, dadelik. Ek belowe. Maar jy het nie geantwoord nie," huil sy.

Hy loop meganies vorentoe. In die kis lê sy ma. Braak-

sel stoot in sy keel op. Wat 'n siek grap. Hy sluk dit terug. Nee, sy ma maak nooit grappe nie, flou grappe is sy pa se ding. Sy ma sal veral nie so 'n makabere een maak nie. Hy steek sy hand uit, versigtig. Haar wang is bleek en koud. Maar sy lyk so ontsettend vreedsaam. Onder hom kantel die vloer, en hy moet aan die kant van die tafel vashou om nie neer te syg nie. "Ma?"